

Sing vooraf staande: Psalm 27:1

-1-

*God is my lig, my heil; ek sal nie vrees nie; / Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie, / want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop / in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet, / en stort terneer omdat hul God vergeet.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:5

-5-

*Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek - dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.*

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 48:5

-5-

*Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het - / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse -
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is ons God, en Hy / sal tot die **dood** toe ons gelei.*

Skriflesing: Jesaja 53

Teks: Jesaja 53:5; Kategismus Sondag 17.95.

Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Jesaja 53:5

Die Bybel leer hier 'n paar dinge van ons waarvan ons dalk glad nie hou om dit te hoor nie.

- Ons het oortredinge, en ons het ongeregthede.
- Ons moes eers gestraf word voordat ons vrede met God kan hê.
- Daarby is ons ook tot die dood toe siek.

En dan, meteens, gebeur daar iets en die donker dryf oor ons weg, en ons kom in die volle lig van lewe en genade.

- Die Here Jesus Christus kom in ons plek voor die Here te staan en Hy word ten volle gestraf vir alles wat ons aangevang het.
- Dit gebeur nie maklik nie, want die Bybel openbaar dat Hy deurbaar is. Hy is ook verbysel en Hy is gestraf. Uiteindelik was Hy vol wonde.

Die vervulling van hierdie profesie is baie volledig in die Nuwe Testament beskryf.

- Alles het uitgeloop op die Here Jesus se dood en op sy opstanding.
- Die dood van die Here Jesus Christus was om die straf te dra.
- Die opstanding was om ons ook uit die dood te laat opstaan - die profeet Jesaja sê dit was sodat ons gesond kon word.

Dit is 'n baie moeilike toestand wat hier beskryf word, maar die Here het dit alles gedoen sodat ons gesond kan word, met ander woorde, vir ewig kan lewe.

- Prakties: Ek en jy sal verseker opstaan uit die graf. Ons word opgewek uit die dood.
- Luister hoe reguit en helder word dit beskryf in Romeine 8:11:
... as die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon...

Dit gaan letterlik oor ons liggaamlike opstanding uit die dood: **...ook julle sterflike liggame lewend maak...**

Die duiwel het van hierdie profesie geweet, en hy wou die uitvoering daarvan verhoed, daarom het hy die Here Jesus dadelik na sy doop gaan versoek.

- Hy het gedink dat die Here Jesus so bang was vir die straf van die Here (die dood) dat Hy verlei sou kon word om van die lyding van die kruisdood af te sien.
- Hy het geweet dat die Here Jesus aan die kruis gaan sterf om vir die verlostes 'n pad uit die dood uit terug te bou in die ewige lewe in.

Dit staan so beskryf in Lukas 4:5-7:

Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. 6 En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. 7 As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. Lukas 4:5-7

Die Satan se selfvertroue was ongelooflik!

- Hy het die Here Jesus gekonfronteer omdat hy werklik geglo het dat die Here hom sal aanbid eerder as om te sterf.
- Daarom is die Here Jesus se dood so 'n totale opskudding, want toe die Here Jesus kruis toe gaan en sy lewe aflê, het dit wat die duiwel as onwaarskynlik beskou het, gebeur.

Dit wat tot op daardie stadium heeltemaal onmoontlik was, gebeur die derde dag daarna:

- Die Here Jesus staan op uit die dood!
- Die eerste en enigste mens in die geskiedenis staan in eie krag uit die dood op en word weer lewendig.

Op Kruisigingsvrydag was daar al 'n voorspel hiervan:

- 'n Aantal mense wat alreeds dood was, het uit die dood opgestaan! Hulle het in hulle grafte gebly tot na die opstanding en toe eers het hulle aan die mense verskyn.

- Maar daar is 'n baie belangrike verskil tussen die Here Jesus Christus se opstanding en die mense wat tydens die kruisiging uit die dood teruggekeer het - *hulle word deur God opgewek. Die Here Jesus Christus staan self op.*

Wat mens opval is die angstigheid wat daar by die ongelowiges was om hierdie dinge van die mense af weg te hou.

- Die Romeinse owerhede en die owerpriesters was almal van hierdie opstanding bewus. Die wagte het vir hulle van die waarheid getuienis gegee.
- Maar die wagte kry die opdrag om teen die waarheid in te getuig dat die liggaam van die Here Jesus gesteel is.
- Dit was maar net nog een van baie sieklike pogings van die Satan om die waarheid met sieklike leuens te probeer toesmeer.

Die Here se raad word egter nie deur mense gekeer nie, en daarom gaan die apostel Paulus met hierdie nuus die wêreld in.

- Sommige kere het die heidene hom uitgelag, soos die keer met die toespraak wat hy op die Areopagus gelewer het.
- Die Grieke wou die evangelie nie maklik glo nie, al het hulle baie aandagtig geluister.

Aanvanklik het hulle gedink dat Paulus die verstandigste man is waarna hulle nog geluister het.

- Maar toe hy vertel het dat die dood oorwin is, omdat die Here Jesus die mense wat ook God is, die dood oorwin het, het die hele arena se mense in 'n lagbui uitgebars.
- Hulle het vir Paulus gesê dat hy hulle anderdag weer kan kom toespreek.

Die Jode het nie baie beter gevaar nie.

- Daarom het Paulus ook later gesê dat die opstanding van die Here Jesus vir die Jode 'n struikelblok is.
- Dit was elke keer wanneer hulle dit gehoor het, van nuuts af 'n kwesplek, want hulle het goed geweet dat die destydse Joodse Raad die Here Jesus veroordeel het. Hulle het net so goed geweet dat die volk geskreeu het dat die Here Jesus se bloed op hulle en hulle kinders moet wees.

As mens so na die geskiedenis kyk, is dit merkwaardig hoe die Satan die mensdom se geloof beheers.

Dink aan die keer toe Simson die stadspoorte van Gasa uitgebreek het.

- Dit het destyds behoorlik opskudding veroorsaak. Hierdie poorte was so geweldig sterk dat 'n hele leër met stormramme dit kwalik kon stukkend hardloop.
- Toe kom daar een Jood aan, en hy breek hulle eiehandig af, en dra dit weg en gaan gooi dit op 'n heuwel weg. Dit het die hele destydse wêreld in rep en roer gehad.

Die betekenis van hierdie handeling van Simson was dat dit simbool was daarvan dat daar eendag 'n Man sou kom wat die poorte van die mensdom se vyand so sou afbreek.

- Iemand sou die satan verslaan en die hel se poorte afbreek, en die uitverkorenes vir altyd van die Satan se mag vry maak.
- En Hy het gekom. die Here Jesus . Baie magtiger as Simson het Hy die poorte van die hel afgebreek.

Luister wat God vir ons leer. Romeine 6:6-9 leer dat God ons liefhet.

- Daarom wou Hy ons nie in die hande van die Satan laat, waar ons onself beland het met die sondeval nie.
- Hy het sy Seun gestuur om die dood vir ons te oorwin, sodat ons weer God se genade kan ervaar.

Romeine 6:6-9: ... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. 7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. 8 As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, 9 omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.

Toe ons nog swak was, het die Here Jesus op die regte tyd vir die sondaars gesterf. Daarom staan daar in Romeine 14:9 dat die Here Jesus gesterf het, en opgestaan het om oor die dooies en die lewendes te regeer.

- Dit beteken dat ons nou ook deur Hom regeer word.
- Dan kan die dood en die graf nie die laaste sê oor ons hê nie, want die Here Jesus lewe dan, en Hy regeer uit die hemel oor sy gelowiges.

Die Here Jesus het mos gesê dat Hy lewe en ons sal lewe (Joh. 14:19).

- Dit beteken dat ons lewe inderdaad eers in sy volle werklikheid na hierdie aardse lewe begin.
- Dit word ook baie sterk onderstreep deur Efesiërs 2:4 - 6 waar daar geskryf staan dat ons al reeds saam met Christus opgewek is, en reeds saam met Hom in die hemel is.

Ons lewe na die dood is so seker deur God gewaarborg dat ons beskou word asof ons nou al reeds in die hiernamaals is.

- Daar staan nie dat ons eers eendag daar sal kom nie.
- Die feit is so oorweldigend sterk dat die Bybel leer dat ons reeds saam met Christus daar is.

Ons moet in hierdie aardse bestaan seker almal sterf. Maar u moet nie die dood vrees nie.

- God self gee u gemoedsrus, want Hy neem die vrees vir die dood weg.
- Die dood word gevolg deur die opstanding - daarvan is die opstanding van die Here Jesus u bewys.

Dit is natuurlik so dat die ongelowiges nie hierdie troos het nie.

- Die wat nie in die Here Jesus Christus en sy opstanding glo nie, gaan nie in die vreugde van die Here se hiernamaals in nie.
- Vir hulle is die dood 'n deur waardeur hulle in die ewige smarte ingaan.

U moet egter in die Here glo, en bekeerd lewe, want u deel in die verlossing van die Here Jesus Christus. U is verlos van die dood. Deur die Here Jesus Christus leef u tot in ewigheid.

Kom ons kyk wat ons hiervan bely in Kategismus Sondag 17.

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c). (a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 5; Ef 2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20,

21.

AMEN.

Slotgebed

Slotpsalm

-5-

Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.
Hy seen jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienpredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 27 Mei Aanddiens

Hierdie gedeelte stel dit baie duidelik dat die offer van Christus - sy priesterswerk - heeltemal eenmalig was. Hy was net een keer die losprys. God het van Hom verwag om in elke opsig gehoorsaam te wees tot die dood toe. Nie een van ons kan Hom dit nadoen nie.